P.H.R. SNYMAN. *Postmasburg: 'n geskiedkundige oorsig tot 1982*. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Pretoria, 1983. 90 pp. Geïllustreerd. R4,50 (inklusief). ISBN 0 86965 987 1.

In *Contree* 13, Januarie 1983, het 'n artikel onder die titel *Ontstaan en groei van Postmasburg* deur P.H.R. Snyman verskyn. Hierdie artikel is deur die outeur bygewerk en het pas as 'n selfstandige publikasie en nommer een in die nuwe reeks, *Plaaslike Geskiedenis*, van die Afdeling Streekgeskiedenis van die RGN verskyn.

Hierdie oorsigtelike studie dek onder meer die volgende: die vroeë geskiedenis van die omgewing met verwysing na die Boesman, Korana, Tswana en Griekwa; die koms van die Blanke en gemeente- en dorpstigting; verdere ontwikkeling en plaaslike administrasie; die drie rebellies waarby die gemeenskap betrokke was, naamlik die Langberg-rebellie, die rebellie tydens die Tweede Vryheidsoorlog en die Rebellie van 1914-1915; landbou en veeteelt; mynbou, waaronder die ontginning van diamante, asbes, mangaan en ystererts; handel en nywerheid; kommunikasie; wet en orde; godsdiens en die stigting van gemeentes deur verskillende kerkgenootskappe; onderwys; gesondheid en welsyn; kultuur- en diensorganisasies en sport en ontspanning.

Heeltemal tereg het die outeur self leemtes in sy tydskrifartikel raakgesien en daarom in die boek ook onderwerpe soos kultuur- en diensorganisasies en sport en ontspanning aangesny. Die resultaat is 'n baie mooi oorsigtelike beeld van die dorp en omgewing. Hoewel onder verskillende opskrifte na die oprigting van spesifieke geboue verwys word, sou 'n afsonderlike opskrif oor die argitektuur van die dorp seker

nie oorbodig gewees het nie. Trouens, die besoeker se eerste indruk van 'n dorp word bepaal deur die argitektuur van daardie dorp.

By die deurlees van hierdie publikasie word die leser daarvan bewus hoe 'n belangrike rol die Gereformeerde Kerk en Gereformeerdes in die totstandkoming en opbou van hierdie dorp gespeel het. Die leierfigure was en is heel dikwels mense met bekende "Dopper"-vanne. Dis is dus nie vreemd dat die dorp na prof. Dirk Postma, die eerste predikant van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, vernoem is nie. En tog is dit jammer dat die oorspronklike naam, Blinkklip, vir hierdie naam moes terugstaan — veral as die pragtige legende rondom laasgenoemde naam (kyk bylae B) in gedagte gehou word.

Die outeur, 'n navorser in die Afdeling Streekgeskiedenis van die RGN en 'n boorling van Postmasburg, het met oorgawe en deernis oor die kontrei geskryf, maar sonder om ooit in sentimentaliteit te verval of een groep van die samelewing bo 'n ander te stel. Die objektiwiteit waarmee hy na die verskillende instellinge en gebeure kyk, kan nie anders as om indruk te maak nie. Indien Snyman op hierdie weg voortgaan, wag daar 'n mooi toekoms op hom as streekhistorikus. Hierdie publikasie bewys dat hy ook die leuse van sy dorp *Labor ipse voluptas* (arbeid self is vreugde) uitleef.

Vir 'n publikasie van hierdie omvang is die bronnelys beslis indrukwekkend. Dit is duidelik dat Snyman deeglik navorsing gedoen het. 'n Netjiese en deeglike register rond die publikasie af.

Postmasburg, 'n dorp wat waarskynlik deur min Suid-Afrikaners onmiddellik op 'n kaart aangedui sal kan word, is gelukkig dat juis hý deur 'n sameloop van omstandighede die eerste plek is wat in hierdie nuwe reeks van die Afdeling Streekgeskiedenis behandel word, want hierdie is die soort publikasie wat elke dorp graag oor homself sal wil besit; nie te lywig nie, nie te duur nie, oorsigtelik, vlot geskryf, geïllustreerd en keurig uitgegee. Lesers van hierdie publikasie sal hoop dat die Afdeling Streekgeskiedenis spoedig ook by hulle kontrei uitkom.

Hoewel hierdie publikasie in die eerste plek sy leserskring op Postmasburg en sy direkte omgewing sal vind, is dit tog ook 'n boek wat deur elkeen wat in streekgeskiedenis belangstel met groot vreugde in die hand geneem kan word.

*O.J.O. FERREIRA*
*Universiteit van Pretoria*